PO Box / Posbus 506
118 Henry Street / Straat
Bloemfontein 9300

**T** 051 410 0958
**F** 051 448 4220
**E** tuli@studbook.co.za

j

# Notule van die 27ste Algemene Jaarvergadering gehou te Leopards & Lace, Bloemfontein op 3 September 2021 om 09:00
## *Minutes of the 27th Annual General Meeting held at Leopards & Lace, Bloemfontein on 3 September 2021 at 09:00*

---

**Afkortings/ *Abbreviations***
AJV - Algemene Jaarvergadering
AGM - Annual General Meeting
RV – Raadsvergadering
CM – Council Meeting
Stamboek – SA Stamboek
Stud Book – SA Stud Book
bv – byvoorbeeld
e.g. - for example

**Teenwoordig/ *Present***
Ben Raath – President
Albie Rautenbach- Visepresident/ *Vice President*
Giel van Niekerk - Raadslid/ *Council Member*
Christo Rothman - Raadslid/ *Council Member*
Ed Clark - Raadslid/ *Council Member*
Stephen Mains-Sheard - Raadslid/ *Council Member*
Charl van Rooyen – Tegniese Adviseur/ *Technical Advisor*
Siebert Vermeulen - SA Stamboek: Tegniese Adviseur/ *SA Stud Book Technical Advisor*
Herman Labuschagne - SA Stamboek Bestuurder Data Verwerking en Tegniese Dienste/ *SA Stud Book Manager Data Processing and Technical Services*
Anna-Marie Viljoen – Sekretaresse/ *Secretary*
Dave Mullins - Lid/ *Member*
Cornelis Rautenbach - Lid/ *Member*
Werner Gouws - Lid/ *Member*
Dirk van Velden - Lid/ *Member*
Alwyn Marx - Lid/ *Member*
Werner Gouws - Lid/ *Member*
Cornelis Rautenbach - Lid/ *Member*
Stephane Roos - Lid/ *Member*

**Raadslede / Council Members**
B Raath (President), A Rautenbach (Vise-president), S Mains-Sheard, D Mullins, J Bredenkamp, E Clark, C Rothmann

Andrew Webster - Lid/ *Member*
De Wet Human - Lid/ *Member*
Leslie Cook - Lid/ *Member*

1. **OPENING & VERWELKOMING/ *OPENING & WELCOME*** (Klank 1)

   Mnr B Raath open die vergadering met 'n storie met die boodskap "when God orders, even the Devil obeys" en hy open met gebed. Hy verwelkom al die lede, met spesiale verwelkoming aan mnr Siebert Vermeulen, SA Stamboek Tegniese Adviseur asook nuwe lid De Wet Human, Brenhindy Stoet. Hy bedank die lede wat bereid is om deel te neem.

   *Mr B Raath opened the meeting with a story with the message "when God orders, even the Devil obeys" and he opened with prayer. He welcomed all the members, with a special welcome to Mr Siebert Vermeulen, SA Stud Book Technical Advisor as well as new member De Wet Human, Brenhindy Herd. He thanked the members for their participation.*

2. **KENNISGEWING, BYWONINGSREGISTER EN VERSKONINGS VIR AFWESIGHEID/ *NOTICE OF MEETING, ATTENDANCE REGISTER AND APOLOGIES FOR ABSENCE***

   Die kennisgewing van die vergadering is betyds uitgestuur en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. 'n Kworum is teenwoordig.

   *The notice of the meeting was sent timeously and the meeting thus declared as properly constituted. A quorum were present.*

**2.1 Verskonings/ *Apologies*** (Klank 7)

Russel Clark (President SA Stamboek/ SA Stud Book )
Dr B van der Westhuizen – SA Stamboek/ *SA Stud Book:* Bestuurder Genetiese en Advies Dienste/ *Manager Genetic and Consultant Services*
Dr J van der Westhuizen – SA Stamboek/ *SA Stud Book:* Hoofbestuurder/ *Chief Executive Officer*
Claus Kempen Stemma Animalia Sekretariaat Bestuurder/ *Stemma Animalia Secretariat Manager*
Carmen Welz – Erelid/ *Honorary Member*
Kevin Cook
Vivien Peche
Dries van Wyk
Herlu Rautenbach
Merensia Groenewald
Coenraad Slabber
Ernst Grobbelaar
Lukas Robertson
Gordon Gilfillan

Gert Strydom
Dirk van Velden
Paul Grobler
Colin Raath
Abel Rautenbach
Margi Harvey
Willem Pretorius
Callie Barnard
Casper Kriel

Mnr H Labuschagne sluit by die vergadering aan.
*Mr H Labuschagne joined the meeting.*

**2.2 Lief en Leed /** ***Joy and Sorrow*** (klank 9)

**Oorlede/** ***Deceased***

Mnr S Mains-Sheard se suster en me M Groenewald se vader en broer is oorlede. 'n Oomblik van stilte word gehou uit eerbetoon aan hul wat oorlede is.
*Mr S Mains-Sheard's sister and Ms M Groenewald's father and brother passed away. A moment of silence was held to honour them who passed away.*

**Siek/** ***Illness***

Mnr J Bredenkamp was in die hospitaal met Covid-19. Mnr R Clark se eggenote is ook Covid-19 positief.
*Mr J Bredenkamp was in hospital with Covid-19. Mr R Clark's wife is positive with Covid-19.*

**3. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 20 AUGUSTUS 2020 /*APPROVAL OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING ON 20 AUGUST 2020*** (klank 10.50)

**Korreksie/** ***Correction***

Daar is geen korreksies nie. *There were no corrections.*

**Besluit:** Die notule word goedgekeur, met geen korreksies, soos voorgestel deur mnr S Mains-Sheard en gesekondeer deur mnr W Gouws.
***Decision:*** *The minutes was approved with no corrections, as proposed by Mr S Mains-Sheard and seconded by Mr W Gouws.*

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE/** ***MATTERS ARISING FROM MINUTES***

**4.1 Speenkalfprojek/** ***Weaner calf project*** (klank 14.16)

Mnr B Raath noem dat mnr D Mullins die voorstel by die AJV 2019 gemaak het en dat weens Covid-19 die projek nie van die grond af kon kom nie. Hy vra of die projek van die agenda verwyder moet word. Mnr D Mullins antwoord dat sy speenkalf steeds beskikbaar is en hy is van mening dat die projek steeds

| | |
|---|---|
| moet voortgaan. Die fondse moet direk aan die Genootskap oorbetaal word. Die kalf kan ook verkoop word op die naam van die Genootskap vir SARS doeleindes.<br><br>Mnr C van Rooyen antwoord dat dit 'n goeie voorstel was, maar dat die samewerking wat hy gekry het, baie swak was. Dit hoef nie noodwendig 'n Tuli dier te wees nie. Hy stel voor dat die projek by die Raad begin.<br>Hy wil graag meer doen vir die kommersiële boere, sodra daar ekstra fondse beskikbaar is.<br>**Aksie:** Die projek sal nou voortgaan. Dit sal weer kommunikeer word aan die lede. Mnr C van Rooyen sal dit weer dryf.<br>Erkenning sal gegee word in die nuusbrief vir elke persoon wat so 'n skenking gemaak het.<br>**Aksie:** Erkenning moet ook gegee word in die nuusbrief aan telers wat 'n bul geskenk het vir die projek in die Suid-Kaap.<br><br>**Aksie:** Mnr D van Velden stel voor hierdie fondse word in 'n aparte begrotingsitem geplaas, sodat daar 'n duidelike plan is wat wys waar hierdie fondse aangewend is, sodat aan die lede terugvoer gegee kan word.<br><br>*Mr B Raath mentioned that Mr D Mullins proposed this project at the AGM 2019, but due to Covid-19, no progress was made. He asked if the project should be removed from the agenda. Mr D Mullins replied that his weaner calf is still available and he was of the opinion that the prohect should continue. The funds must be paid over to the Society. For SARS purposes the calf could be sold in the name of the Society.*<br><br>*Mr C van Rooyen replied that it is a good suggestion, but that the copperation was poor. It does not have to be a Tuli animal. It could have rejection errors. He will manage the project again. He wants to reach more commercial farmers and extra funds were therefore needed.*<br>***Action:*** *The project will continue. It will be communicated to the members. Mr C van Rooyen will manage the project.*<br>*Recognition must be given to sponsors in the newsletter.*<br>***Action:*** *Recognition must be given in the newsletter to the breeders that sponsored a bull to the Southern Cape project.*<br><br>***Action:*** *Mr D van Velden proposed that the funds must be placed in a separate budget item and a clear plan must be compiled for the utilisation of the funds. Feedback must be given to members regarding the utlisation of these funds.*<br><br>**4.2 Rasstandaarde Wysigings Voorstel/ *Breed Standard Amendment Proposal* – Mnr/ *Mr* A Rautenbach** (Klank 23.38)<br>Mnr S Mains-Sheard het by die AJV 2020 'n voorstel vir wysiging gemaak (vorige notule bl 17). Mnr B Raath noem dat die Raad die | CharlvR<br>Nuusbrief<br><br>Nuusbrief<br><br>Christo<br><br>*CharlvR*<br>*Newsletter*<br><br>*Newsletter*<br><br>*Christo* |

saak bestudeer het asook dat mnr H Labuschagne data getrek het. Die Raad het besluit dat die wysiging eers nie sal aangebring word nie.

Mnr A Rautenbach gee terugvoer en noem dat, ter wille van akkuraatheid, variasie nodig is.
**Aksie:** Na die genomiese profiel se basis sal die agendapunt weer ondersoek word.
Mnr S Mains-Sheard aanvaar die besluit.

*Mr S Mains-Sheard proposed this amendment at the AGM 2020 (previous minutes p 17). Mr B Raath mentioned that Council investigated the matter and that Mr H Labuschagne did supply figures. Council decided that the amendment would not be implemented.*

*Mr A Rautenbach gave feedback and mentioned that, due to accuracy, variation is needed.*
***Action:** After the base of the genomic profile was formed, the matter will be put on the agenda again.*
*Mr S Mains-Sheard accepted the decision.*

## 5. BYVOEGINGS TOT DIE AGENDA/ *ADDITIONS TO THE AGENDA*

**Sien punt 7 op die agenda/ *See item 7 on the agenda***
7.1 Tuli Logo
7.2 Veilingskommissie 1% op stoetdiere (SP, A, B, Basis)/ *Sales commission 1% on SP animals (SP, A, B, Basis)*
7.3 Logix oop vir die publiek/ *Logix open for the public*
7.4 Genomiese profiel/ *Genomic Profile*

Die agenda word gesluit verklaar. *The agenda was closed.*

## 6. VASTE AGENDAPUNTE/ *FIXED AGENDA ITEMS*

### 6.1 Portefeuljes Verslae/ *Portfolio Reports*

**6.1.1 Presidensiële Verslag/ *Presidential Report*** – B Raath (klank 28.10)

Mnr AJ Rautenbach neem die voorsitter stoel in. Mnr B Raath lewer sy Presidensiële verslag.
*Mr AJ Rautenbach act as Chairman during the report. Mr B Raath presented his Presidential Report.*

Mnr B Raath noem dat sy moeder hom herinner het dat hy reeds ses jaar President is. Hy het destyds, toe hy verkies is, genoem dat hy 'n passie vir Tuli's het en dat hy sy bes sal doen om die Tuli-ras tot 'n volgende vlak te neem. Hy noem dat hy 'n mense mens is, dat hy poog om mense bymekaar te kry asook om eensgesindheid onder telers te bewerkstellig. As lede die son oor mekaar kan laat skyn, sal dit 'n sneeubal effek

hê en sal daar nie brieke vir die Tuli-ras wees nie.

Al wat hom ‘n bietjie bekommer, is dat lede nie” te lief” vir mekaar moet raak nie. Hy sien dit op veilings dat lede nie teen vriende wil bie nie. Dit benadeel onsself. Kopers het al hoeveel keer, (ek sluit myself in), teruggestaan as ‘n ander lid op dieselfde dier bie. Lede moet met mekaar kompeteer. Twee broers moet teen mekaar kan bie. Sodoende kan nog beter pryse vir diere gekry word. Besigheid is besigheid. Die teler wat die prys betaal, dis sy bul en die ander moet dit respekteer.

In die verlede het ek altyd die raadslede heel laaste bedank, maar wil dit vandag heel eerste doen. Baie dankie vir elke Raadslid se insette en opofferings deur die jaar. In die verlede het ons net een dag vergader. Ons is nou al so dat ons die vorige dag twee uur al begin, want ons kry nie klaar met ons besprekingspunte nie. Dan kuier ons die aand lekker saam en leer mekaar ken. Soos ‘n tipe spanbou. So, ek kan julle verseker ons spandeer baie tyd en moeite en geen persoonlike belange word eerste gestel nie.

Dit voel net vir my ons spandeer nog te veel tyd aan tegniese punte. Ons moet meer Tuli’s praat. Dis waaroor dit moet gaan, maar ek dink ons het die laaste paar jaar geweldig baie reggekry. Die hele Grondwet, Veilingsreels en Rasstandaarde is bv. hersien. Ek meen daar is amper nie ‘n aspek wat ons nie hersien of deurgetrap het nie. Dit moet in plek wees. As daardie punte in plek is, dan weet ons waarheen om te gaan. Dan kan ons beeste begin praat.

Anna-Marie, (sekretaresse), dankie vir jou. Ons waardeer wat jy alles doen. Dankie vir die strukture wat jy in plek gesit het.

Tegniese adviseur, Oom Charl van Rooyen, ek het ongelooflike respek vir oom en sal wat wil gee om op oom ouderdom nog so aktief en helder van verstand te kan wees. Die bydrae wat Oom Charl lewer kan nie bereken word nie. Ek dink ‘n groot deel van ons sukses lê in Oom se hande. Daardie visie wat Oom gehad het, hoe Oom ons op vergaderings op ‘n mooi manier leiding gee. Daardie grysheid kom nie van self nie. Dis ondervinding. So, baie dankie Oom Charl.

Die sekretariaat, Claus Kempen, julle weet hy is op hierdie stadium in Tokyo. Hy beteken vir ons baie op alle gebiede. Ek sal graag sy stories wil hoor oor hoe hy die blinde meisie in die marathon in die Para-Olimpiese Spele gelei het. Dankie ook vir hom.

Dan SA Stamboek, Dr Japie, Bobbie, Helena, Herman,

| | |
|---|---|
| Siebert, die hele personeel. Ons is baie bevoorreg om in so ‘n span betrokke te kan wees. Dis ouens wat passievol is in hulle werk, almal van hulle en wat weet waarvan hulle praat. Goed opgeleide mense. So, dankie vir julle.<br><br>Ledegetalle op dié stadium is 37. Dit bekommer my.Ons gevoel is, dat die mense waarvan jy amper nooit hoor nie, of wat jy nie ken nie, diegene is wat bedank het. Ons moet egter in gedagte hou dat die hele Landboubedryf deur moeilike tye is agv droogtes, ekonomiese en politieke onsekerheid en onstabiliteit en boonop covid 19. Nogtans moet ons daarna streef om ons ledegetal uit te bry.<br><br>Dan is daar ook ‘n paar debiteure wat bedank het. Daar is ongelukkig by party lede die idee geskep jy kan die Genootskap betaal wanneer jy wil. As ons ons voet neersit, dan is ons verkeerd. Tref asb net met die Raad reëlings. Al kan jy net ‘n paar rand per maand betaal. Dit is ook vir ons aanvaarbaar.<br><br>Die totale geregistreerde diere (pending, Basis, A, B, en SP) is 6 192. By Rasadviserend sal Stephen Mains-Sheard meer daaroor verslag doen. Kalfboek is 2 349. My ideaal sal wees 60 lede en 10 000 diere. Dit geen vir jou ‘n gemiddeld van 167 geregistreerde diere per teler. Dis die langtermyn en ek dink dit is haalbaar vir ons. Kan jy dink watter impak dit op ons finansies gaan hê.<br><br>Nou kan ons vir mekaar die vraag vra, hoe bemark ons en waar bemark ons. Ek dink met die beperkte fondse tot ons beskikking, is ons redelik op die ‘spot’. Dit word weerspieël in ons aanvraag: tans kan ons nie in die mark van veral vroulike diere voorsien nie. Ons moet nou ons dieregetalle uitbrei. Alles gaan saam groei. Hoe meer diere ons inkry, hoe meer is daar vir bemarking. Dit moet net gebalanseerd bly. Ek is wel bewus van sommige telers wat bietjie sukkel om hul bulle te verkoop. Teling neem tyd en dit neem lank om ‘n naam vir jouself op te bou. Bemarking is ook nie net die Raad/Genootskap se verantwoordelikheid nie.<br><br>Hoe sien die Tuli tans daar uit en waar sien ons onsself in die toekoms. Ons veilings vaar uitstekend. Ons het ook al met Raads-vergaderings vir mekaar gesê ‘n miljoen rand se bul sal lekker wees, maar is dit volhoubaar? So, laat dit maar liewers konstant styg.<br><br>Ek dink ons vroulike diere is waar hulle moet wees. Ons sal altyd meer wil hê, maar dit moet realisties ook wees. | |

Heel voor in die Grondwet is die doelstellings en verwagtinge van die Genootskap of meer spesifiek die Raad. Ek haal aan uit die Grondwet. Dan kan julle die Raad meet.

"Om die teel en genetiese verbetering van die produksie potensiaal", van diere aan te moedig. Is ons rasstandaarde in plek? Rekordhouding. Ons het nou al speen en een van 12 of 18 maande verpligtend gemaak, asook koeigewig by speen.

'n Mens moet ook nie te veel reëls daarstel nie. Ons het gister gehoor hoe belangrik dit is om rekords te hou en om te weeg. Dit help nie jy doen genomika en jy meet nie hierdie gewigte nie. Ek dink daar is ons redelik in die kol.

Die volgende een is "om die rasegtheid van die ras te bewaar. Om deur alle moontlike beskikbare middele belangstelling in die ras te bevorder". Dan sê ek net hier dat ons moet oppas om getalle na te jaag. Daar is by basisdiere 'n reël ingebring dat indien fenotipies Tuli, en aan die kleurvoorskrifte voldoen word, dan 'n Basis dier. Dan kan ons Bonsmaras ook inbring. Watter gene bring ons in ons ras as gevolg daarvan? Dit beklemtoon weer die feit dat ons ons diere Genomies moet ontleed. Ons besef nie water voordele ons met ons ras het nie. Daar is al moontlik dubbelbespiering waarvan ons nie eens bewus is nie.

"Om die ras te bewaar en ontwikkel deur middel van goeie seleksie en om vermenging van ander rasse uit te skakel." Ons keurders het hier 'n groot verantwoordelikheid deur streng te keur. Dit is die Raad se verantwoordelikheid om reels daar te stel, te sorg om ons ras skoon te hou van vermenging van ander rasse.

"Om rasstandaarde wat gebaseer op produksie-aantekening en visuele inspeksie vir genetiese afwykings en bouvorm op te stel en te handhaaf in so verre dit verwant is aan funksionele doeltreffendheid." Dis waarop dit neerkom, funksionele doeltreffendheid. Daardie dier moet die veld en die omgewing kan benut.

"Om noukeurige verslae van die stambome en besonderhede van diere saam te stel, te bewaar." Ons het gister gehoor hoe belangrik is stambome. Ons moet daardie verslae saamstel en bewaar en dis waar Stamboek inkom, die Logix sisteem.

"Om die vertoning en mededinging van die ras op landboutentoonstellings te bevorder en aan te moedig." Ons is nie 'n skouras nie. Ons wil ook nie 'n skouras wees nie. Ek dink dis nie 'n terrein wat ons eers wil probeer oorweeg nie.

| | | |
|---|---|---|
| | Ons moet egter sigbaar wees. Dis voorbeelde soos Nampo, Nampo-Kaap, Alfa skou ens en dan die Plaasgroeitoetskompetisie.<br><br>"Om die lede se belange te bevorder". Elke een van ons het 'n groot klomp geld in hierdie bedryf belê en dis die Genootskap of die Raad se verantwoordelikheid om dit te bevorder. As ons na hierdie genoemde punte kyk, dink ek vaar die Raad redelik goed.<br><br>Ek voel net ons moet n stelsel of sisteem in plek kry om beginnertelers meer betrokke te kry en om hulle diere te help bemark. Ek dink dit is 'n probleem vir 'n nuwe teler. Hy het nog nie 'n naam nie.<br><br>Ek kan nie verstaan hoekom telers nie wil weeg nie. Hoekom is jy dan 'n stoetteler as jy nie daardie verpligte gewigte wil neem nie. Dit gaan oor die pakket. As stoetteler moet jy vergaderings bywoon. Jy moet tog gesien word. Mense moet jou kan leer ken. Hoe kan ek 'n koper na jou verwys as ek jou nie eers ken nie. Ek dink dit is 'n duidelike boodskap wat ons moet uitstuur. Mense moet betrokke raak. Jy moet jouself adverteer. Jy moet jou stoet adverteer. Dis nie net die Genootskap se verantwoordelikheid om dit te doen nie.<br><br>Ek wil elkeen aanmoedig om te spandeer in die ras. Ek dink daar is 'n baie goeie toekoms vir ons. Moenie bang wees om te betaal vir 'n goeie bul. Dis ook nie noodwendig die duurste bul wat die beste bul vir jou plaas is nie. Doen jou navorsing. Gebruik die Logix sisteem of Beefbulls en toets sekere bulle teen jou kudde, alvorens jy net 'n bul koop.<br><br>Ons moet asb net oppas om aan te hou mik vir uitskieters. Daar moet balans wees. Elke boer in SA, maak nie saak waar jy boer nie, moet met 'n Tuli kan boer. As ons daardie standaarde te hoog gaan stel, dan voorsien ek moeilikheid.<br><br>Ek dank u.<br><br>Mnr AJ Rautenbach bedank mnr Raath vir sy tyd wat hy aan die ras spandeer. Hy maak tyd en hy het 'n passie vir die Tuli's. Hy is van mening dat mnr Raath kan trots wees oor wat hy vermag het en sy bydrae deur die jaar tot die ras. Lede besef nie die hoeveelheid tyd wat mnr Raath insit in die Genootskap nie.<br>**Besluit:** Die presidensiële verslag word aanvaar soos voorgestel deur mnr A Marx en gesekondeer deur mnr J Bredenkamp.<br><br>Mnr Rautenbach gee die voorsitterstoel terug aan mnr Raath. | |

Mnr Raath bedank mnr Rautenbach.

*Mr AJ Rautenbach thanked Mr Raath for the amount of time that he spend on the breed. He makes time and has a passion for the Tuli's. He is of the opinion that Mr Raath can be proud of what he accomplished and about his contribution to the breed. Members do not realise how much time Mr Raath put into the Society.*
***Decision:** The presidential report was accepted as proposed by Mr A Marx and seconded by Mr J Bredenkamp.*

*Mr Rautenbach handed the chair back to Mr Raath. Mr Raath thanked Mr Rautenbach.*

Item 6.1.3.1 en 6.1.9 word nou bespreek siende mnr C van Rooyen die vergadering moet verlaat.
*Item 6.1.3.1 and 6.1.9 were discussed now as Mr C van Rooyen had to leave the meeting.*

**6.1.2 Tesouriers Verslag/ *Treasurer's Report*** – Giel van Niekerk. (Klank 1.14)

**6.1.2.1 Inspeksie fooie Jaarlikse hersiening/ *Inspection fees Yearly revision*** (klank 1.52)
Die huidige fooie is R1000.00 besoek-/ dagfooi (vir die keurder), R15.00 per dier (R5.00 vir die Genootskap en R10.00 vir die keurder). Die reiskoste is tans R5.50 per km.

Mnr B Raath noem dat die Raad die reiskoste ondersoek het teen die AA tariewe en dat die Raad besluit het R5.50 bly die tarief.

**Besluit:** Die huidige fooie word algemeen aanvaar.

*The current fee was R1000.00 day fee (for the inspector), R15.00 per animal (R5.00 for the Society and R10.00 for the inspector). The travel cost was currently R5.50 per km.*

*Mr B Raath mentioned that Council investigated the travel cost against the AA tarif and decided to keep it at R5.50.*

***Decision:** The current fee was accepted unanimously.*

**6.1.2.2 Ledegeld & Per Kapita hersiening van formule (CPI plus maksimum 2%)** (klank 1.54)
Die Algemene Jaarvergadering van 2020 se besluit was inflasie met 'n maksimum van 2% is waarvolgens die jaarlikse algemene verhoging bereken word.
**Besluit:** Die huidige formule word algemeen aanvaar.

*The Annual General Meeting of 2020 approved the formula for the increase of yearly fees as inflation plus a maximum of 2%.*
***Decision:*** *The current formula was accepted unanimously.*

**6.1.2.3 Goedkeuring van Jaarlikse Finansiële state jaar einde 30 Junie 2021/ *Approval of Annual Financial Statements Year end 30 June 2021*** *(Klank 1.14, 1.55)*
Mnr G van Niekerk lê die state aan die lede voor. Die rekenmeester het 'n positiewe verslag gelewer rakende die state. Daar was goeie samewerking met die rekenmeesters hierdie jaar. Hy bespreek die rekenmeestersverslag, bladsy 2 asook die Inkomste. Mnr M van Niekerk bespreek die detail inkomstestaat en die kontantvloeistaat, bl 5. Lede word genooi om vrae te vra.
R46 000.00 is teruggeskryf as voorsiening vir slegte skuld. Hy bespreek die inkomstes en uitgawes. Inkomste was minder as die vorige jaar. Voorsiening is gemaak vir genomiese subsidie R20 000.00 asook navorsing en bemarking R40 000. Die surplus vir die jaar R69 000.00.

Daar is tans R114 000.00 in die tjekrekening sowel as R268 00.00 in die Geldmarkfonds.

Mnr B Raath noem dat die Raad besluit het dat 'n reserwefonds opgebou moet word van R300 000.00 wat die Genootskap vir ses maande kan dra in moelike omstandighede sonder enige inkomste.
Mnr Raath bedank mnr G van Niekerk en wys op die Geldmarkfonds wat van 2017 aansienlik gestyg het onder mnr Van Niekerk se leiding.

**Besluit:** Die finansiële kompilasiestate word goedgekeur soos voorgestel deur mnr J Bredenkamp en gesekondeer deur mnr A Rautenbach.

*Mr G van Niekerk presented the financial statements to the members. The accountant presented a positive report regarding the statements. There was good cooperation with the accountant this year. He discussed the accountant's report as well as page 2 of the Income. Mr G van Niekerk discussed the detail income statement as well as the casf flow income statement page 5. Members were invited to ask questions.*

*The provision for bad debt were decreased with R46 000.00. He discussed the income and expenditure. The income was less than the previous year, but provision was made for a genomic member subsidy for R20 000.00 as well as research and marketing R40 000.00. The surplus for the year was R69 000.00.*

| | |
|---|---|
| *There is currently R114 000.00 in the cheque account as well as R268 00.00 in the Moneymarket fund.*<br><br>*Mr B Raath mentioned that Council decided that a reserve fund of R300 000.00 must be build to ensure that the Society could sustain without income for at least six months during difficult circumstances.*<br><br>*Mr Raath thanked Mr van Niekerk and mentioned that the Moneymarket fund increased a lot under the council membership of Mr Van Niekerk.*<br><br>***Decision:** The financial compilation statements were approved as proposed by Mr J Bredenkamp and seconded by Mr A Rautenbach.*<br><br>**6.1.2.4 Aanstel van Rekenmeester en goedkeuring van kompilasie state kwotasie/ *Appointment of Accountant*** (klank 1.31, 1.55)<br>**Besluit:** Die rekenmeester kwotasie vir R3 000.00 plus BTW van ARC Sakhile word eenparig goedgekeur.<br><br>***Decision:** The accountant quotation for R3 000.00 plus VAT by ARC Sakhile was approved unanimously.*<br><br>**6.1.2.5 Begroting: Voorstel: jaarlikse Genomiese subsidie/ Budget: Proposal: yearly Genomic subsidy** (klank 1.33, 1.55)<br>Mnr G van Niekerk lê sy voorgestelde twee begrotings aan die vergadering voor. Die een begroting het 'n fooi van R20 vir kalfboek en pending diere as 'n addisionele per kapita heffing om aan te wend as genomiese subsidie inkomste.<br><br>Aanvanklik word die tweede begroting goedgekeur soos voorgestel deur mnr Jim Bredenkamp en gesekondeer deur mnr D Mullins. Mnr W Gouws ondersteun nie die voorstel nie en is van mening dat die lede nie meer moet betaal nie en mnr C Rothman sekondeer die teenvoorstel.<br>**Besluit:** Mnr Jim Bredenkamp wysig sy voorstel en stel voor dat die R20 000.00 uit die reserwe fonds winste geneem word. Mnr A Rautenbach sekondeer die gewysigde voorstel.<br><br>**Aksie:** Die begroting moet ook korrigeer word met mnr C van Rooyen se professionele fooi as R16 500.00 per maand.<br><br>**Besluit:** Die eerste begroting; met die korreksie van R20 000.00 uit die reserwe fonds; word goedgekeur soos voorgestel deur mnr Jim Bredenkamp en gesekondeer deur mnr C Rothman.<br>(Aanhangsel A in aangehegte dokument). | |

*Mr G van Niekerk presented the two budgets to the members. The one budget included an additional per capita fee of R20 for calfbook and pending animals to be utilised for the genomic subsidy.*

*At first the second budget was approved as proposed by Mr Jim Bredenkamp and seconded by Mr D Mullins. Mr W Gouws did not second the proposal and requested that members should not pay more and Mr C Rothman seconded this proposal.*
***Decision:*** *Mr J Bredenkamp amended his proposal and proposed that the R20 000.00 be taken out of the reserwe funds. Mr A Rautenbach seconded the amended proposal.*

***Action:*** *The budget must be corrected as Mr C van Rooyen's professional fee was R16 500.00 per month.*

***Decision:*** *The first budget, with the amendment of the R20 000.00 out of the reserve fund, was approved as proposed by Mr Jim Bredenkamp and seconded by Mr C Rothman.*
*(Attachment A in a separate document).*

**6.1.3 Verslag deur Promosie & Bemarkings komitee/ *Report by Promotion & Marketing committee***

**6.1.3.1 Joernaal/ *Journal* - Charl van Rooyen** (klank 50.22)
Mnr C van Rooyen gee terugvoer rakende die joernaal (Aanhangsel B bl 31).

**Aksie:** Hy sal Oktober 2021 begin met sy beplanning vir die joernaal van 2022.
**Aksie:** Hy vra telers om kontakbesonderhede van voer- en veeartseny maatskappye deur te gee vir advertensie werwing.

Hy poog om balans in die joernaal artikels te kry.
**Aksie:** Hy vra dat die telers gouer begin foto's neem en noem dat die spertyd einde Februarie is, sodat die joernaal einde Maart gereed is. Hierdie jaar moet hul foto's neem vir volgende jaar se joernaal.

*Mr C van Rooyen gave feedback regarding the journal (Attachment B p 31).*

***Action:*** *He wanted to commence with the planning of the journal at the beginning of October 2021 for the journal 2022.*
***Action:*** *He requested breeders to provide contact details regarding feeding and veterinary companies for advertisements.*

| | |
|---|---|
| *He endqavoured to maintain balance in the journal articles.*<br>***Action:*** *He asked that members take photos earlier that the closing date for advertisements be end of February that the journal could be finished end of March. Members must take photos this year for next year's journal.*<br><br>**6.1.3.2 Algemene Bemarking/ *General Marketing* – Christo Rothmann** (klank 3.18)<br>Mnr C Rothman gee terugvoer rakende die digitale bemarking op die webblad, Facebook en Youtube. (Aanhangsel C, aparte dokument).<br>Mnr Raath bedank mnr Rothman vir sy insette, moeite en verslag.<br><br>*Mr C Rothman gave feedback regarding the digital marketing on the webpage, Facebook and Youtube. (Attachment C, separate document).*<br>*Mr Raath thanked Mr Rothman for his input, effort and report.*<br><br>**6.1.3.3 Nampo – Ben Raath** (klank 2.12)<br>Nampo 2021 was gekanselleer en die Genootskap gaan nie aan Nampo Virtueel deelneem nie. Die stalletjie moet opgradeer word en skadunette aangebring word.<br>*Nampo was cancelled and Nampo Virtual will not take place in 2021. The exhibition space must be upgraded and the shadow nets must be added.*<br><br>**6.1.4 Verslag deur Rasadviserende komitee en Veilings/ *Report by Breed advisory committee and Sales* - S Mains-Sheard** (klank 2.13)<br>**6.1.4.1 Reproduksie Verslag/ Reproduction Report**<br>Mnr S Mains-Sheard lewer verslag (Aanhangsel E, bl 34)<br>*Mr S Mains-Sheard presented his report (Attachment E, p 34)*<br><br>**6.1.4.2 Veilings en katalogusse/ Sales and catalogues** (klank 2.20)<br>Mnr S Mains-Sheard lewer verslag (Aanhangsel F, bl 35).<br>*Mr S Mains-Sheard presented his report (Attachment F, p 35).*<br><br>Die lede word genooi om vrae te vra. *Members were invited to ask questions.*<br><br>Mnr H Labuschagne herinner lede om gebruik te maak van SA Stamboek die skanderingsdienste tydens Plaasgroeitoetse. Lede moet die skandeerder bespreek aan die begin van 'n toets.<br><br>Marmering moet bemark word. Dit wys op die katalogus. | |

| | |
|---|---|
| *Mr H Labuschagne reminded members to make use of the scanning services from SA Studbook during Farmgtowth tests. Members must book the scanner at the beginning of a test.*<br><br>*Marbling must be marketed. It shows on the catalogue.*<br><br>(Klank 2.49)<br>Mnr J Bredenkamp noem dat daar ‘n geweldige toename by veilings is van kommersiële diere, maar veral kommersiële bulle. Kommersiële vroulike diere is nie vir hom ‘n probleem nie. ‘n Bul is nie gekeur nie vir ‘n rede. Ander rasse laat nie sulke bulle toe op veilings nie.<br><br>Dieselfde reëls geld vir vroulike diere. Hy verwys na ‘n kommersiële boer wat so ‘n dier op ‘n veling gekoop het wat prulfoute het. Dae sedert laaste kalf moet bygevoeg word op die katalogus. Mnr A Rautenbach antwoord dat dit wel daar genoem word en mnr Mains-Sheard sal dit ook opmerk. Kommersiële diere met prulfoute mag nie op die veiling kom nie.<br><br>Mnr A Rautenbach is van mening dat telers nie verhoed kan word om kommersiële diere te verkoop nie. Dit word dan nie onder die beskerming van die Genootskap verkoop nie. Bulle word van die plaas af verkoop en word dan nie eers ge’screen’ soos op veilings nie.<br><br>Mnr D Mullins ondersteun mnr Bredenkamp en noem dat bulle of SP of B Bulle moet wees. Bulle wat nie vir ‘n veiling goedgekeur is nie, mag nie op[ die veiling aangebied word nie, nie eers onder die deel wat nie onder die beskerming plaasvind nie.<br><br>Mnr B Raath vra wat as ‘n teler ‘n kommersiële bul op ‘n veiling aanbied met ‘n selfs beter bouvorm as ‘n geregestreerde bul. Mnr Mullins is van mening nie op ‘n veiling nie, maar dit kan wel van die plaas af verkoop word. Mnr A Rautenbach verskil en is van mening dat die ‘screener’ die bul sou afkeur op veilings wat nie op die plase sal gebeur nie.<br><br>Mnr S Mains-Sheard voeg by dat as die bul afge’screen’ was, is dit ‘n ander saak, maar dat enige kommersiële bul moet ge’screen’ word.<br><br>Mnr J Bredenkamp is van mening dan moet die Genootskap aanpas en sê daar is Tuli sowel as kommersiële bulle.<br><br>Mnr Bredenkamp noem dat, volgens die Grondwet, is daar nie kommersiele bulle nie, net stoetbulle. Mnre A Marx en S Vermeulen is van mening dat die Grondwet toegepas moet | |

| | | |
|---|---|---|
| | word, naamlik dat goedgekeurde Tuli bulle onder die beskerming van die Genootslap verkoop word. As die bul die dag van die veiling afgekeur word, dan word hy nie onder die beskerming van die Genootskap verkoop nie en hy vorm nie deel van die veiling nie. Wat die teler na die tyd daarmee maak, is sy eie saak. Afgekeurde diere kan ook nie kommersieel op die veiling verder aangebied word nie.<br><br>Mnr G van Niekerk noem dat as 'n kommersiële bul aangebied word wat nie afgekeur is by die 'screening nie' of dit dan verkoop kan word. Mnr S Vermeulen antwoord dat die enigste bulle wat verkoop mag word SP en B bulle is wat goedgekeur is deur die Genootskap.<br><br>Mnr Cornelis Rautenbach is van mening dat die afgekeurde kommersiële bulle nie eers aan kopers gewys moet word nie. Hy het egter kommersiële bulle wat hy op sy veiling aanbied. Die SP bul wat hy op die basiskoeie gebruik, daardie bul kom in as kommersieel wat hy sou aanbied. Hy vra of na die diere onder die beskerming van die Genootskap aangebied is, hy dan nie meer bulle as kommersieel kan aanbied nie. Hul word ge'screen' op die veiling.<br><br>Me S Roos noem dat daar wel kopers is wat kommersiële bulle wil koop. Mnr Bredenkamp antwoord dat hy oor veilings besorg is, maar die kommersiële bulle wat van die plaas af verkoop word, moet ook Tuli tipies wees.<br><br>**Aksie:** Die saak word na die nuwe Raad verwys. Indien 'n besluit geneem word, sal dit eers 1 Januarie 2022 implementeer word.<br><br>Mnr Raath bedank mnr Bredenkamp.<br><br>*Mr J Bredenkamp mentioned a huge increase in the commercial animals at sales, especially commercial bulls. Commercial female animals is not a problem. A bull did not pass an inspection for a reason. Other breeds do not allow such bulls on their sales.*<br><br>*The same principle should be maintained for female animals. He reffered to a commercial farmer that bought an animal on a sale with cullable errors. Days since last calving should be mentioned on the catalogue. Mr A Rautenbach replied that it is on the catalogue and that Mr S Mains-Sheard will remark on problems with days since last calving.*<br><br>*Mr A Rautenbach is of the opinion that breeders cannot be kept from selling commercial animals. Those animals are then not sold under the auspices of the Society. Bull that were sold* | Raad |

| | |
|---|---|
| *from the farms were not screened as on sales.*<br><br>*Mr D Mullins supported Mr Bredenkamp and mentioned that bulls sold on a sale must be SP or B bulls. Bulls that did not pass screening at a sale should not be allowed to be sold on sales, not even in the not under the auspices section of the sale.*<br><br>*Mr B Raath asked what if the breeder has a commercial bull that has an even better conformation than a registered bull. Mr Mullins was of the opinion that it could be sold from the farm, but not at a sale. Mr A Rautenbach did not agree and was of the opinion that at the sale the bull gets screened which it does not get at the farm.*<br><br>*Mr S Mains-Sheard added that if the bull did not pass the screening it was another matter, but that the commercial bulls should also be screened.*<br><br>*Mr J Bredenkamp was of the opinion that the Society should therefore say there is Tuli bulls and commercial bulls. Mr Bredenkamp added that according to the Constitution there is no commercial bulls, only stud bulls.*<br><br>*Messrs A Marx and S Vermeulen were of the opinion that the Constitution must be adhered to, namely that only Inspected registered Tuli bulls may be sold under the auspices of the Society. If the bull did not pass the screening, it could not be sold under the auspices of the Society and may not form part of the sale. What the breeder do with the bull after the sale, is his own decision. Animals that did not pass the screening may not be sold commercially on the sale.*<br><br>*Mr G van Niekerk asked if a commercial bull that did pass the screening could be sold at the sale. Mr S Vermeulen replied that only SP and B bulls that were approved by the Society may be sold.*<br>*Mr Cornelis Raustenbach added that commercial bulls that did not pass the screening, may not be shown to buyers at the sale. He has commercial bulls that he sells at his sale. The SP bull that he used on the basis cows, that bull is sold as a commercial bull. He asked if after the sale under auspices was finished if he may not sell his commercial bulls. They were screened at the sale.*<br><br>*Ms S Roos added that there are buyers for the commercial bulls. Mr Bredenkamp replied that he was concerned about the sales, but that the commercial bulls sold from the farm should also be Tuli typical.* | |

| | | |
|---|---|---|
| | ***Action:*** *The matter will be referred to the new Council. If a decision is made, it will only be implemented on 1 January 2022.*<br><br>*Mr Raath thanked Mr Bredenkamp.* | *Council* |
| **6.1.5** | **Verslag deur SA Stamboek komitee*/ Report by SA Stud Book committee* – Ed Clark en H Labuschagne** (klank 3.58)<br>Mnr H Labuschagne gee terugvoer. Stamboek het faktureer diere 24 maande en ouer. Hy ondersteun die Genootskap se besluit om deel te neem aan genomika. Hy glo dit is die pad vorentoe vir almal. Die Logix Elite Streekstoekenningsfunksies sal binnekort gehou word. Hy nooi die lede om probleme deur die jaar uit te sorteer en noem dat dit aangenaam is om saam met die Genootskap te werk.<br><br>Mnr S Vermeulen gee terugvoer rakende die twee groot funksies wat Stamboek hou naamlik die nasionale gedeelte aan die begin van die jaar en hierdie tyd van die jaar word die streeksfunksies gehou. As gevolg van Covid sal die funksies virtueel aangebied word. Op 20 September word Stamboek se simposium virtueel aangebied. Op 22 September word die streeksfunksies gehou. Daar is ‘n verduideliking hoe die punte uiteengesit word. Sertifikaat sal ge-epos word.<br><br>Kudde ontledings op fenotipiese data is verlede jaar gedoen. Vir ‘benchmarking’ is die verslag beskikbaar by die area se Stamboek tegniese adviseur.<br><br>Mnr B Raath bedank mnre Labuschagne en S Vermeulen. Hy wens lede byvoorbaat geluk wat toekennings gaan ontvang. Hy nooi die lede om vrae te vra. Daar is geen vrae nie.<br><br>*Mr H Labuschagne gave feedback. Stud Book did invoice animals 24 months and older. He support the Society’s decision to participate in Genomics. He believes that is the road ahead. The Logix Elite Regional Award functions will be held virtually. He invited members to share their problems during the year that it could be handled. He said that it was a pleasure to work with the Society.*<br><br>*Mr S Vermeulen gave feedback regarding the two functions that Stud Book have, namely the national function at the beginning of the year and the regional functions at this time of year. Due to Covid the functions will be held virtually. On 20 September the Stud Book symposium will be held. On 22 September the regional functions will be held. There is an explanation of how the awards were allocated.Sertificates will be e-mailed.* | |

